Mediaverklaring: Voorligting aan verbruikers
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
25 Januarie 2011

Is jou sake in orde as jy sterf?

Jou bank, jou lewensversekeraar en selfs die belastinggaarder is by magte om uitstel te verleen sodat jy jou sake in orde kan kry. Jy sal egter nie dieselfde toegeeflikheid ontvang as jy sterf nie. Wanneer jou tyd daar is, sal jy heengaan ongeag daarvan of jy 'n testament het of nie, of jy finansiële voorsiening vir jou geliefdes gemaak het of nie en of jy jou skuld betaal het of nie.

Wanneer jou sterfdag aanbreek, is jou geliefdes uitgelewer aan die omvang van jou vooruitbeplanning, sê Peter Dempsey, adjunk- uitvoerende hoof van die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA).

Die begin van die jaar is volgens Dempsey altyd 'n goeie tyd om seker te maak dat jou finansiële sake in orde is indien jou aardse bestaan sou eindig. Jou gesinslede sal dan nie ook nog met 'n finansiële las opgesaal wees terwyl hulle die emosionele trauma van die skielike dood van 'n geliefde moet verwerk nie.

"Koerantopskrifte soos 'Fikse fietsryer sterf aan hartaanval', 'Motorfietsryer gedood deur wegjaagtaxi', 'Verkeerskonstabel doodgeskiet' en '1 149 padsterftes in Desember' toon aan dat Suid-Afrikaners daagliks tragies en sonder waarskuwing sterf. In hoeveel van dié sterfgevalle was die oorledene se testament bygewerk? Was daar genoegsame lewensdekking om die gesin te help om finansieel te oorleef en 'n begunstigde benoem vir die aftreefondsvoordele? Was 'n uitvoerige kontaklys beskikbaar ten opsigte van die verskillende finansiële instellings?"

Dempsey sê dit is ongelukkig so dat baie Suid-Afrikaners in 'n staat van ontkenning lewe en glo dat sterfgevalle net in ander gesinne voorkom. Tog dui aktuariële statistieke aan dat sowat 160 000 Suid-Afrikaanse inkomsteverdieners vanjaar na verwagting sal sterf, terwyl 'n geskatte 52 000 verdieners algeheel en permanent ongeskik sal raak.

Navorsing wat verlede jaar namens ASISA gedoen is, dui daarop dat die gemiddelde Suid-Afrikaanse inkomsteverdiener met R600 000 onderverseker is in die geval van dood en met R900 000 in die geval van ongeskiktheid. Dit beteken dat meer as 212 000 gesinne vanjaar nie net die verlies van daardie inkomsteverdieners die hoof sal moet bied nie, maar ook voor onverwagte finansiële swaarkry te staan sal kom.

Omdat so baie verbruikers volgens Dempsey glo dat hulle eers op 'n taamlik hoë ouderdom sal sterf, bestuur min van hulle hul finansiële sake asof vandag hul laaste dag op aarde kan wees.

"'n Klein bietjie beplanning sal 'n groot verskil maak aan die lewens van jou geliefdes as jy sterf. Net so belangrik is dat jy ander volwasse lede van jou gesin moet aanmoedig om dieselfde beplanning te doen om te verseker dat jy nie met die hande in die hare sit as iets met hulle gebeur nie."

Nadat jy die voorafgaande gelees het, sal jy dalk jouself op die skouer klop omdat jy die nodige beplanning reeds lank gelede gedoen het. Dempsey sê dit is egter net so belangrik om jou finansiële en boedelbeplanning gereeld te hersien ten einde seker te maak dat dit steeds van toepassing is.

"Lewensveranderende gebeurtenisse soos egskeiding, afdanking en 'n nuwe werk kan 'n omvattende uitwerking op jou boedelbeplanning hê. Lees jou testament en kontroleer die begunstigde-nominasievorms vir jou lewensdekking- en pensioenfondsopbrengste. Jy sal dalk kundige raad nodig hê, byvoorbeeld om jou te help om die reëls ten opsigte van die behandeling van gewese huweliksmaats reg toe te pas."

Dempsey verskaf die volgende riglyne:

- Indien jy tans nie versekering ten opsigte van lewens- of ongeskiktheidsdekking het nie, moet jy met ‘n finansiële adviseur praat. Dit is belangrik dat jy met die hulp van ‘n betroubare finansiële adviseur oor die regte dekkingsvlak besluit aangesien jou besluit beïnvloed sal word deur hoeveel jy ten opsigte van premies kan bekostig, hoeveel afhanklikes jy het, jou lewenstyl en jou skuld.
- Indien jy wel oor lewensversekeringspolisse beskik, moet jy met jou finansiële adviseur in verbinding tree om die dekking te hersien. Die meeste mense onderskat die waarde van die lewens- en ongeskiktheidsdekking wat hulle nodig het.
- Maak seker dat jy die begunstigde-nominasievorm vir jou lewensversekeringspolisse ingevul het. Indien jy nie ‘n begunstigde aandui nie, sal jou lewensversekeringsopbrengste deel van die boedel uitmaak. Aangesien jou bankrekenings na jou dood bevries word, sal jou gesinslede ‘n tyd lank moet wag voordat hulle geld ontvang. Dit sal slegs gebeur nadat alle skuld uit die boedel betaal is. Indien jy wel ‘n begunstigde aangewys het, sal die lewensversekeringsmaatskappy binne dae uitbetaal met dien verstande dat die nodige dokumente ingedien is en dat geen gemene spel ten opsigte van die oorsaak van jou dood vermoed word nie.
- Indien jy voorheen ‘n begunstigde aangewys het, maak seker dat dié dokument beskikbaar is en dat jy nog tevrede met jou nominasie is.
- Die trustees van alle pensioenfondse en uittreeannuïteite (UA’s) moet Artikel 37C van die Pensioenfondswet nakom, wat bepaal dat die trustees van ‘n aftreefonds verplig is om alle afhanklikes saam met die benoemde begunstigdes te oorweeg wanneer die doodsvoordeel toegedeel word. Wanneer jy dus begunstigdes vir jou pensioenfonds of uittreeannuïteite benoem, moet jy seker maak dat jy almal meld wat finansieel van jou afhanklik is, selfs al is dit jou gewese huweliksmaat. Dit sal die proses bespoedig en verseker dat diegene wat finansieel op jou staatmaak sal voortgaan om finansiële ondersteuning te ontvang.
- Maak seker dat jy nie sonder ‘n testament sterf nie. Die gebrek aan ‘n testament sal aanleiding gee tot eindelose en onnodige probleme vir diegene wat jy agterlaat. Tree met jou finansiële adviseur, jou prokureur, jou bank of jou lewensversekeraar in verbinding vir bystand.
- Indien jy kinders het, moet jy deeglike oorweging gee aan wat met hulle moet gebeur as jy en jou lewensmaat saam sterf. Terwyl dit een van die moeilikste situasies is waaroor gedink moet word, is dit ook een van die belangrikste. Jou besluit sal dikwels ook jou begunstigdenominasies beïnvloed.
- Stel ‘n lys op van mense met wie jou gesinslede kontak moet maak indien jy sterf. Die naam van jou finansiële adviseur, tesame met jou polisnommers en besonderhede van ander beleggings, behoort bo-aan die lys te wees. Bankrekeninge, die besonderhede van die mediese fonds en inligting oor korttermynversekering, veral as dit in jou naam is, moet ook op die lys wees. Indien jy skuld het, moet die besonderhede daarvan ook op die lys kom sodat die persoon in die beheer van jou boedel met die relevante instellings in verbinding kan tree. Die belangrikste is om seker te maak dat almal weet waar om die lys in die hande te kry.
- Hou ‘n bygewerkte lys van bates en verpligtinge in stand met besonderhede oor die betrokke instellings en die waarde daarvan.
- Verduidelik die belangrikheid van finansiële beplanning aan jou kinders. Kry hulle betrokke by die proses en bespreek dit gereeld met hulle.

Einde

Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:
Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@mweb.co.za

Uitgereik namens:
Peter Dempsey
Adjunk- Uitvoerende Hoof
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye. ASISA is in 2008 in die lewe geroep deur lede van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI), die Beleggingbestuursvereniging van Suid-Afrika (IMASA), die Diensverskaffersvereniging vir Gekoppelde Beleggings (LISPA) en die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA).